PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

28 Mei 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

dr. Braam Krüger

Skriflesing: *Psalm 89:19 - 38*
Teksvers: *Psalm 89:35*
Tema: *B & B*

LOF-EN AANBIDDINGSDIENS 17:00

dr. Braam Krüger

Skriflesing: *2 Pertrus 1:16 - 21*
Teksvers: *2 Petrus 1:21*
Tema: *Wat is die Bybel nou eintlik?*

AANDDIENS 18:30

ds. Louis Buys

Skriflesing*: Handelinge 3: 11 - 26*
Teksvers*: Joh 16:20 & Handelinge 3: 20 - 21*
Tema*: Jesus het gekom en gegaan, …. En wanneer ons gaan, sal ons weer saam met Hom kom!*

TEESKINK BEURTE	
Vandag	Wyk A6 olv Fanie Gouws
Volgende week	Wyk E25B
OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Johan Pretorius
Volgende week	Erika Buma

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- Cornelia Bakker se moeder is Vrydag 26 Mei oorlede. Mag Cornelia en haar gesin en uitgebreide familie ryklik vertroos word .
- Chriska Ebersöhn het Woensdag 24 Mei 'n histerektomie ondergaan. Ons bid haar 'n spoedige herstel toe.
- Jan en Arina Lubbe se dogter, Arina, wat in Pretoria woon, worstel met verswakte gesondheid agv lupus.
- Pieter Kotze het Dinsdag, 23 Mei 'n breukoperasie ondergaan. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe.

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

ATTESTAAT NUUS:

Vertrek met attestaat -

- Karel en Sunette Schultz na GK Kemptonpark Noord
- Marco en Steffi Flies na GK Randburg

Vertrek sonder attestaat -

- Karel, Herman en Debbie du Preez.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 28/05	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens 18:00	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar) Katkisasie Gr 1- 7 Katkisasie Gr 8 - 11	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder Otto Coetzer	Ou Moederskamer Kerkhuis Onderskei lokale Onderskeie lokale
Ma. 29/05	09:30 19:00	Bybelstudie Rynpark 5 Kom vra jou vrae	Adrie Goede Louis Buys	 Konsistorie
Di 30/05	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 31/05	19:00	DUST - Hoërskooljeug bybelstudie	Louis Aucamp	Jeuglokaal
Do. 1/ 06	18:30	Nuwe lidmaat verwelkomingsfunksie	Ina Bolt	Konsistorie
Vr. 2 /06	09:00	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie

DATUMS OM TE ONTHOU

1 Junie	Nuwe lidmaat funksie 18:00 in die konsistorie
10 Junie	Vroueoggend besonderhede sal volg
21 Junie	Palms - senior lidmate byeenkoms 10:00 in die kerksaal
25 Junie	Pinkstersangdiens 17:00 in die kerkgebou

VERJAARSDAE
28 Mei - 3 Junie 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
28 Mei	Hencia Marais	079 386 7147
29 Mei	Carel Daüth	084 334 0283
30 Mei	Annetjie Venter Annetjie de Klerk **	072 627 8527 082 823 1459
1 Junie	Andrè Venter * Cornè Venter Fanie Potgieter	083 377 6995 083 280 9659 082 412 9632
2 Junie	Quintin Bateman	083 651 4572
3 Junie	Una Vos Sophia Velthuysen Annetjie van der Merwe* Gustav du Preez ☺	079 495 6592 073 683 2084 084 454 8096

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

TUINBANKIE-PROJEK

Broers en Susters

Die houtbankies is klaar besig om te degrader, dus wil ons al die houtbankies vervang voordat almal gebreek het. Ons wil weer as die lente kom nog plastiek bankies bou. Ons het reeds 2 plastiek bankies en een kombinasie van plastiek en yster.
Ons benodig fondse om nog plastiekplanke te koop maar ook mense hande om te help om die bankies te bou en die slim mense met gryskoppe om te kom raad gee.
Donasies kan in die kerk se rekening inbetaal word, met verwysing BANKIEPROJEK, of die blou koevertjies in die kerkportale kan vir die doel in die kollektesakkies geplaas word.
Dit is baie lekker as die broers so saamwerk en die susters vir ons n lekker ete voorberei. Ons leer mekaar beter ken. Al kom jul net om gereedskap aan te gee, kom geniet die oggend saam met ons.

Stefan Coetzee ☎ 083 785 2713

KOLLEKTES 14 Mei 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 8317
- GKSA Sustentasie : R 3048

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: Thuso fonds

Volgende week: Bystandsfonds diakonie

GK PRETORIA-NOORD
75ste BESTAANSJAAR FEESNAWEEK

Broeders en susters,
Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord vier vanjaar met dankbaarheid sy 75ste bestaansjaar! 'n Feesnaweek word beplan vir die naweek van 25-27 Augustus 2017. Teken solank die datum aan. Alle oud-lidmate en ander belangstellendes word hartlik uitgenooi.

Verdere besonderhede sal later bekendgemaak word.

Groete uit die Noord,
Malan van Rhyn

FONDSINSAMELINGS PROJEK/INITIATIEF TEN BATE VAN PRESIDENT KRUGER KINDERHUISE.

Hierdie gaan 'n heerlike besigheids netwerk aangeleentheid wees, inderdaad 'n stylvolle kuier aand vol vermaak en motiverings sprekers wat die tema
'die Hart van jou Besigheid'
gaan aanraak.
Sprekers: Amelia Morgenrood - PSG Wealth
Kobus Voster - President Kruger Kinderhuis
MC: Janina Oberholzer
28 September 2017
Plek: Weiveld
Tyd: 18:30 vir 19:00
Drag: Formeel
Tafel besprekings: www.iTickets.co.za

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Thuso fonds

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 21 Mei 2017 se antwoord. Nehemia 1:1
" Die verhaal van Nehemia seun van **Gakalja** Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan "
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur Martie Gibson; Una Steyn; Judy Greyling; Jan Lubbe; Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" In die **?????** maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea."
Vraag: Hoeveel maande is Johannes die doper voor Jesus Christus gebore?
Lees gerus die evangelie volgens Lukas en noem hoeveel maande verskil Johannes die doper en Jesus Christus se ouderdomme van mekaar en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

AANWYS VAN DEPUTATE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2018

Die Administratiewe Buro het 'n staande opdrag *"om betyds voor elke Sinode gemotiveerdevoorstelle van moontlike Deputate by die kerke aan te vra" (Acta 2000:536, 3). Dit spruit voort uit 'n verwante besluit wat reeds in 1988 geneem is (Acta 1988:818, 2 en 3).*

Die volgende kriteria geld vir benoeming op 'n Deputaatgroep:

- *"Kundigheid, belangstelling, studierigting, beskikbaarheid, gesonde wisseling, kontinuïteit, inbring van jong kragte en afstande" (Handelinge 2000:536, 2.4) en*
- *Geen emeriti of emeritusprofessore moet in Deputaatgroepe benoem word nie. Diensdoende professore moet sover moontlik ook nie in Deputaatgroepe benoem word nie" (Handelinge 1979:179, 8.4; 1991: 3.3.12.2d; 1994:729, 1.2.4).*

Waar nodig, word professore wel as adviseurs tot Deputaatgroepe gevoeg.

Om hieraan uitvoering te gee, word u versoek om name van persone wat oor die nodige gawes, kundigheid en gewilligheid beskik, aan ons deur te gee.

Navrae en voorstelle, kontak asb dr. Braam Kruger op 082 459 5636

GKSA - HET JY GEWEET?
WAT IS RAMINGS?

Die woord ramings is in Sinode 1885 die eerste keer gebruik.
Ramings is kerke se verantwoordelikheid om Klassisse, Streeksinodes en Algemene Sinodes se besluite uit te voer.
'n Klassis neem 'n besluit en die besluit het finansiële implikasies daarom word die kerke binne die Klassis geraam om die besluit uit te voer.
So gebeur dit met 'n Streeksinode en die Algemene Sinode.
Uitgawes word deur die kerke in kerkverband gesamentlik gedra. Kerke kom ooreen om saam die finansiële las te dra.
Waarvoor raam die algemene sinode?

Deur die jare het Sinodes staande besluite geneem waarvoor geraam word. Die volgende is voorbeelde:

Sinode 1859 – Opleiding van predikante 'n eie Teologiese Skool
Sinode 1873 – Om emeriti gesamentlik te versorg
Sinode 1931 – 'n Administratiewe Buro
Sinode 1936 – Mediese versorging van emeriti
Sinode 1970 – Instandhouding van die Argief
Sinode 1982 – Sinodale kas
Sinode 2009 – Thuso versorging van emeriti van van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn
Sinode 2012 – Bybelvertaling
NWU – die datum kon nie vasgestel word nie

WIE STEL DIE RAMINGS VAS?

Die kuratore stel 'n begroting saam vir die uitgawes vir die opleiding by die TSP en bepaal die ramings vir die TSP en stuur dit dan na die bestuur van die Admin Buro.
Die deputate Emeritaatsvesorging stel 'n begroting saam vir die emeriti se versorging sowel as die mediese uitgawes en bepaal die ramings vir EVT.
Die bestuur van die Admin Buro stel 'n begroting op vir die Buro uitgawes.
Elke deputategroep stuur hulle verwagte uitgawes om hulle opdrag uit te voer na die Buro wat dan die totale ramings vir die Sinodale kas bepaal.
Die bestuur van die Admin Buro stel dan 'n begroting op van beraamde uitgawes.

DIE NOODSAAK VAN GEREELDE BETALING VAN RAMINGS:

Die Admin Buro het vaste kostes wat elke maand betaal moet word.
Die emeriti se versorging, die professore se traktering, die personeel se salarisse moet maandeliks betaal word.
Onbetaalde ramings veroorsaak 'n gebrek aan kontantvloei.

WAARVOOR GAAN DIE RAMINGS?

Teologiese skool Potchefstroom: Die TSP se begroting behels die traktering van 'n aantal professore en salarisse van die administratiewe personeel. Administratiewe uitgawes soos elektrisiteit, fotokopieering, skryfbehoeftes, reiskostes, ens

Emeritaatsversorging: Emeriti ontvang uit die Emeritaatsversorgings-trust maandeliks versorging volgens die Ledevergadering se Ordereëlings van die Emeritaatsversorgingskombinasie.

Administratiewe buro: Die Admin Buro word beman deur 'n aantal personeellede wat normale salarisse en ander voordele soos pensioenfonds ontvang. Ander administratiewe uitgawes soos in 'n normale kantoor opset.

Sinodale kas: Alle deputate se reiskostes, administratiewe uitgawes en ander word deur die kas bekostig

Mediese versorging emeriti: Volgens Sinodebesluit word emeriti se mediese uitgawes volgens 'n glyskaal deur die ramings betaal. Handelinge 2003:784-789

Kerkargief: Die instandhouding van die GKSA se argief behels die personeel se salarisse, argivalemateriaal, reiskoste en administratiewe uitgawes

Thuso Thuso beteken "HELP" in Tswana.Die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn se emeriti het geen versorging uit die kerke in kerkverband ontvang nie. Daar is 'n raming wat by alle kerke ingesamel word. Die versorging geskied op aanbevelings van die betrokke Klassis

Bybelvertaling: Die raming is ingestel om aflospersoneel te vergoed wanneer die professore besig is met Bybelvertaling.

NWU: Die geringe raming is bedoel vir opleiding van onderwysers.

Vir volledige inligting oor ramings besoek die webblad by www.gksa.org.za